

6 Maart

Romeine 8:9-17, (Teks: 8:15)

Noem jy God "Abba"?

So maklik kom die naam "Vader" op ons lippe. Dalk te maklik, dalk sommer soos ander mense. Miskien moet ons eerder dink om "Abba" te sê. Dit beskryf die uniekheid van ons verhouding met God veel beter.

Om God as "Abba" aan te roep, getuig van 'n innige persoonlike band met God. 'n Klein dogtertjie nestel in die arms van haar pappie en fluister "abba". Maar meer nog, sy wil graag haar pa bly maak. Die seuntjie wil doen wat sy pappa goed vind, omdat hy vir hom die beste en sterkste, sy alles is.

My eie menswees is egter nie 'n "Abba"-mens nie. Van nature staan die mens vyandig teenoor God (vers 7). Ek wil my nie aan Hom onderwerp nie. Sy wet is vir my 'n pyniging en ek wil daaruit losbreek. Totdat die Gees my saam met Jesus uit die dood opgewek het (vers 11). Dan word God my "Abba". Ek sien sy bemoeienis met my as liefde en nie meer as inperking nie. Hy het my vrygemaak van die weeshuis van sonde en in sy Vaderhuis opgeneem.

Nou aanvaar ek die verpligting om soos sy kind te lewe. Die Gees van God laat my nie net met vreugde roep "Abba" nie. Hy lei my ook op 'n pad sonder vrees vir God se straf (vers 15). In Christus, sy Seun, skenk Hy aan elkeen wat Hom in opregtheid "Abba" noem, die sekerheid om dié volle erfenis van die ewige lewe te ontvang (vers 17).

Sing: Psalm 103:7

Dr. W.C. Opperman (Windhoek-Suid)